15 Oktober **Skrifgedeelte: Eksodus 21:12-36**

Beskerm die lewe

Hierdie gedeelte is grotendeels ‘n omskrywing van die sesde gebod: “Jy mag nie moord pleeg nie”. Die mens ontvang die verantwoordelikheid om oor die wonderlike gawe van lewe te waak en dit te beskerm.

Dit is nie alleen diegene wat kwaadwillig moord pleeg wat skuldig is nie. Ons mag ook nie deur ons nalatigheid ander se lewens in gevaar stel nie. Die rusie van twee mans wat ‘n derde party beseer (Eks 21:22) hoef nie noodwendig as kwaadwillig beskou te word nie. Dit geld ook die goedige gestoei van twee vriende wat nie rekening hou met ander wat dalk in die proses kan seerkry nie. Die verantwoordelikheid van die boer met ‘n gevaarlike bul in sy kudde (Eks 21:28) is ook van toepassing op mý verantwoordelikheid ten opsigte van my kwaai hond in die agterplaas van my erf. Die oop put (Eks 21:33) is nie minder gevaarlik as byvoorbeeld ‘n onomheinde swembad, ‘n balkon sonder ‘n behoorlike reling, of gif en medisyne binne bereik van my kleuter nie.

Natuurlik gebeur daar soms ongelukke en God hou ons nie daarvoor verantwoordelik nie (Eks 21:13). Ons moet daarom nie onsself of mekaar daaroor verwyt nie – hoe moeilik dit ook al mag wees om die ongeluk te verwerk. Dit hef egter nie ons verantwoordelikheid op om alles binne ons vermoë te doen om ongelukke te voorkom nie.

Die lewe is ‘n kosbare gawe van God. Hy gee aan ons die verantwoordelikheid om jaloers daaroor te waak. Is u daarop ingestel?

Sing: Psalm 46:5 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)